



Suid-Afrika se nuutste Survivor-wenner, GiGi, in haar heiligdom – The Lollipop Lounge in Randburg. | FOTO'S: DAWID ROUX

# GiGi se wengeld als na haar 'baba'

KARIN BURGER IN JOHANNESBURG  
kburger@rapport.co.za

Geen meer uniseks-toilette vir haar eksotiese dansklub nie.

GiGi, die wenner van *Survivor South Africa: Santa Carolina*, gaan haar halfmiljoenrand-prysgeld gebruik om kleedkamers vir haar dansers én ekstra toilette vir kliënte aan te bou sodat mans en vroue nie meer toilette hoef te deel nie.

Sy het sowat 60 meisies wat by haar klub, The Lollipop Lounge, in Randburg werk – en almal is van Suid-Afrika.

"As jy 'n groen ID het, kan ek vir jou werk gee," sê GiGi. "My meisies moet ten minste een van ons 11 tale kan praat, want dis belangrik dat die kliënte met hulle moet kan gesels."

"Vroue laat doen hulle naels of



**"Vroue laat doen hulle naels of gaan haar-salon toe, waar hulle 'n hond uit 'n bos gesels. Mans kom dikwels weer hierheen net om te gesels."**

gaan haarsalon toe, waar hulle 'n hond uit 'n bos gesels. Mans kom dikwels weer hierheen net om te gesels."

Volgens GiGi besoek die mans 'n plek van fantasie.

"Die meisies is aktrises en die mans koop in op die fantasie. Mans is jagters. Hier kom jag hulle met die oë, maar dan stap hulle hier uit en voel soos King Kong as hulle huis toe gaan, na hulle vrou toe."

"Net so gaan stap vroue deur die winkels en doen *window-shopping*."

GiGi sê sy is al moeg vir joernaliste wat na die meisies se "hartseerverhale" kom soek.

"Ek werk met ongelooflike meisies – hulle is fantastiese mense! En as hulle klaar gewerk het, gaan hulle terug na hulle gesinne toe, net soos enige ander werknemer."

GiGi vertel toe sy met die klub be-

gin het, het sy saam met elkeen deur hul probleme geworstel, maar nou werk dit anders: As jy werk, is dit klubtyd, daarna is dit huistyd.

Haar meisies dans glad nie op tafels, soos in ander ontkleeklubs nie.

"Ek hou nie daarvan as mans opkyk na meisies wat dans nie."

GiGi het al geweldig baie versoeke gehad om haar klub uit te brei en franchise-geleenthede te skep.

"Dis baie moeilik, want dit is my baba dié. As dit groter en meer raak, is dit te veel besluite en dan kan die klub sy uniekheid verloor."

Sy glo die geheim van haar gelukkige huwelik is dat sy én haar man, die motorskrywer Egmont Sippel, elkeen hul eie beroep het wat nie oorvleuel nie.

"Hy sal wel nie die klub kan bestuur nie; sy hartjie is hopeloos te sag daarvoor," lag sy.

